Projek Moederskamer

Ballito is besig om uit te brei teen ‘n verbysterende tempo, en daarmee saam is die hele samestelling van Ballito besig om radikaal te verander. Waar dit nog enkele jare gelede ‘n dorpie was waar 80% van die permanente inwoners ouer mense was - meeste reeds afgetree, het daar nou ‘n groot ommeswaai gekom, en ‘n groot persentasie mense is jong mense, dikwels met klein kinders.

Saam met hierdie verandering, het die behoeftes van Noordkus Gemeente ook radikaal verander. Waar ‘n moederskamer geskik vir twee of drie moeders al die jare goed genoeg was, is daar nou etlike paartjies met klein kindertjies wat genoodsaak is om slegs agter in die kerk te sit, en kort-kort met kleintjies moet uitgaan na buite. Baie mense het alreeds verkies om elders kerk toe te gaan as gevolg van gebrekkige fasiliteite.

Daarom het die kerkraad ‘n besluit geneem om ‘n vertrek aan te bou wat sal voorsien in die behoeftes van al die paartjies met klein kindertjies. Die nuwe moederskamer sal aan die suidekant van die kerk aangebou word (langs die kombuis) en sal ongeveer 84m^2 beslaan. Dit sal bestaan uit ‘n saal met sitplek vir 40 persone asook ‘n kleedkamer met toilet, wasbak en blad waar babas se doeke omgeruil kan word. Dit sal ook ‘n aparte uitgang na buite hê vir noodgevalle.

Die vertrek word beplan om veeldoelig te wees. Dit sal ook gedurende die week gebruik kan word as ‘n vergaderplek vir die kerkraad, Bybelstudiegroepe ens, en sal ‘n bedieningsluik hê na die kombuis.

Beraamde boukoste van die projek is op hierdie stadium sowat R145’000. (Normale boukoste vir so ‘n projek kan maklik R400’000 beloop, maar ‘n plaaslike ontwikkelaar het onderneem om dit vir ons teen die minumum koste te doen.)

Ons het jou finansiële ondersteuning baie nodig om hierdie projek van die grond af te kry. Sodra daar genoeg fondse beskikbaar is, sal ons daarmee begin.

Ons boufonds staan tans op **R36’400**.

Die plan vir hierdie projek verskyn op die tweede bladsy.

Bydraes vir die nuwe Moederskamer kan in die volgende rekening gedeponeer word:

FNB - NG Gemeente Noordkus
Rek nr: 53731659860; Takkode: 220129
Verwysing: Boufonds

Navrae kan gerig word aan:
Jan van Coller – 072 511 0144
Hendrik Coetzer – 072 038 1518
Herman Moll – 083 456 9693
Louis Nel – 082 7714 925
Kontak ook gerus die Voorsitter van Finansies, Fred Visser, by 082 4511 596


Store room
Office
Garden Shed
Storage
Vestry
Lithurgic Platform
Existing Church
One way glass as per Part N of National Building Regulations
Rubber door stop
Galvanized steel grid
Cloak Room
WC
Entrance
Steps Up
New Child-care room
New Hatch
Kitchen
Verandah to be extended
existing column
75mm dia galvanized steel column
Baby Room
A
SECTION
B
5.561
1.000
5.120
2.790
220
2.000
10.040
7.710
15.730
5.250
6.730
75
5.340